



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2015**

**GEOGRAFIE V1  
MEMORANDUM**

**PUNTE: 225**

---

Hierdie memorandum bestaan uit 12 bladsye.

---

**AFDELING A: DIE ATMOSFEER EN GEOMORFOLOGIE****VRAAG 1**

- 1.1 1.1.1 Sonstilstand ✓  
 1.1.2 Straalstroom ✓  
 1.1.3 Föhn ✓  
 1.1.4 Moeson ✓  
 1.1.5 Degradeer ✓  
 1.1.6 Maritieme klimaat ✓  
 1.1.7 Orografies ✓  
 1.1.8 Intertropiese Konvergensie Sone ✓ (8 x 1) (8)
- 1.2 1.2.1 D Struktuur-terrasse ✓  
 1.2.2 G Laagvlak ✓  
 1.2.3 I Eskarp ✓  
 1.2.4 B Plaatvloei ✓  
 1.2.5 H Skiervlakte ✓  
 1.2.6 C Canyon ✓  
 1.2.7 A Tektoniese opheffing ✓ (7 x 1) (7)
- 1.3 1.3.1 Planetêre/Globale/Primêre winde ✓ (1 x 1) (1)  
 1.3.2 Coriolis-krag ✓ (1 x 1) (1)  
 1.3.3
  - Dit ontstaan nie binne 5° vanaf die ewenaar nie ✓
  - Dit is afhanklik van die sterkte van die wind/krag is sterker wanneer die winde sterker is ✓
  - Dit veroorsaak dat winde afwyk van 'n noord-suid rigting ✓
  - Hoe hoër die drukgradiënt, hoe groter is die afwyking ✓
 (Enige 3 x 1) (3)
- 1.3.4
  - By die ewenaar sit warm lug uit en styg in konveksiestrome ✓
  - Lug vanaf die subtropiese hoogdruk gebiede word na die laagdruk getrek om die stygende lug te vervang ✓
 (2 x 1) (2)
- 1.3.5 **Hadley sel**
  - Warm lug styg vanaf die aardoppervlakte ✓✓
  - Die stygende lug divergeer in die bolug en beweeg na die pole en koel af ✓✓
  - Die afgekoelde lug daal by ongeveer 30° noord en suid ✓✓
  - Op die oppervlakte divergeer die dalende lug en sommige lug keer terug na die ewenaar ✓✓**Ferrel sel**
  - Lug daal by 30°, verhit en divergeer op die oppervlakte ✓✓
  - By ongeveer 60°, ontmoet poolwaarts bewegende warm lug die koue lug vanaf die pole ✓✓
  - Kouer lug forseer warmer lug om te styg en veroorsaak die poolfront by om by 60° noord en suid te ontstaan ✓✓

- Konvergensie veroorsaak dat lug styg op die oppervlakte, en in die bolug divergeer die stygende lug ✓✓
- Die divergerende lug beweeg na die ewenaar en daal by 30° noord en suid ✓✓

**Polêre sel**

- Koue lug daal oor die pole ✓✓
- Dit ontmoet warmte lug vanaf die Ferrel sel by ongeveer 60° ✓✓
- Konvergerende lug by 60° styg en beweeg poolwaarts ✓✓

[ENIGE VIER. MOET NA DRIE SELLE VERWYS. AANVAAR ANDER REDELIKE ANTWOORDE] (Enige 4 x 2) (8)

- 1.4 1.4.1 (a) A – Hoog ✓  
C – Laag ✓ (2 x 1) (2)
- (b) Koud ✓ (1 x 1) (1)
- 1.4.2 4 hektopascal/millibar ✓ (1 x 1) (1)
- 1.4.3 Elke lang lyn verteenwoordig 10 knope en 'n kort lyn 5 knope. Dus is die windspoed by Kaapstad 15 knope en by PE 10 knope ✓✓ (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Marion-eiland ✓ (1 x 1) (1)
- 1.4.5 Die geostrofiese wind waai parallel met die isobare by Marion ✓✓ (1 x 2) (2)
- 1.4.6
- Temperature van 30 °C ✓
  - Doupunt van 22 °C ✓
  - Windrigting van suidwes/suid-suidwes ✓
  - Windspoed van 10 knope ✓
  - Wolkdekking van  $\frac{3}{4}$  ✓
  - Geen reënval ✓
  - Drukgradiënt is tussen 1012 en 1016 hektopascal ✓ (Enige 4 x 1) (4)
- 1.5 1.5.1 *Massabeweging* verwys na die afwaartse beweging van verweerde materiaal soos grond, klippe en gesteentes op 'n helling as gevolg van swaartekrag ✓ [KONSEP] (1 x 1) (1)
- 1.5.2 (a) Moddervloei:  
Hoë water inhoud ✓ tussen 1 cm per sekonde en 10 m per sekonde ✓ (2 x 1) (2)
- (b) Rotsstortings:  
Lae water inhoud ✓ tussen 1 m per sekonde en 100 m per sekonde ✓ (2 x 1) (2)

- 1.5.3
- Dun grond is onstabiel en daar is minder plantegroei en dus die vinnige beweging ✓✓
  - Ongekonsolideerde sanderige grond beweeg makliker teen die helling af en dus beweeg dit vinniger dun grond ✓✓
  - Grond wat nie poreus is nie, word vinniger versadig en beweeg vinniger as ongekonsolideerde sanderige grond ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)


- 1.5.4
- Waardevolle grond gaan verlore ✓✓
  - Dit neem jare vir plantegroei om self te herstel ✓✓
  - Habitatte van diere word verwoes ✓✓
  - Woude en grasvelde word verwoes ✓✓
  - Grondstortings en instortings kan riviervallei blokkeer en veroorsaak dat riviere opdam ✓✓
  - Sedimente wat die rivier bereik verminder die waterkwaliteit wat 'n negatiewe impak op die vis in die rivier kan het ✓✓
  - Massiewe grondstortings en instortings kan die vorm van die landskap verander en veroorsaak dat hange verdwyn of terug trek, berge kan laer word en valleie kan opgebou word ✓✓ (Enige 3 x 2) (6)

1.6 1.6.1 Mesas/Tafelberge ✓ (1 x 1) (1)

1.6.2 Bestaan uit weerstandbiedende, ✓ horisontaalliggende strata ✓ (1 x 2) (2)

1.6.3 C het 'n spitskop in plaas van 'n plat kop ✓✓ (1 x 2) (2)

1.6.4



(4 x 1) (4)

- 1.6.5
- Ligging van die eskarp verander oor tyd ✓✓
  - Die kaprots van plat-bedekte heuwels word nie maklik geërodeer nie ✓✓
  - Die kaprots ondergaan onderkelwing en stort ineen ✓✓
  - Die talushelling word gevorm ✓✓
  - Talus word chemies- en meganies verweer en materiaal word deur water en wind verwyder ✓✓
  - Die proses van onderkelwing begin van vooraf ✓✓ (Enige 4 x 2) (8)

[75]

**VRAAG 2**

- 2.1 2.1.1 C ✓ invloed van swaartekrag op 'n helling.  
 2.1.2 A ✓ vorm in horisontale lae.  
 2.1.3 D ✓ die vorm van die landskap.  
 2.1.4 A ✓ belangrike toeriste-attraksies.  
 2.1.5 C ✓ ontwikkel in stollingsgesteentes met krake en nate.  
 2.1.6 A ✓ horisontaal en eenvormig tot erosie is.  
 2.1.7 B ✓ eksogeniese kragte.  
 2.1.8 D ✓ primêre erosie hellings. (8 x 1) (8)
- 2.2 2.2.1 hektopascal ✓  
 2.2.2 isobare ✓  
 2.2.3 drukgradiënt ✓  
 2.2.4 (a) hoogdruk ✓  
 (b) laagdruk ✓  
 2.2.5 vier ✓  
 2.2.6 divergensie ✓ (7 x 1) (7)
- 2.3 2.3.1 Insolاسie is inkomende sonradiasie (sonbestraling) ✓ (1 x 1) (1)  
 2.3.2 breedtegraad ✓ (1 x 1) (1)  
 2.3.3 Die hoek waarteen die sonstrale die aarde tref ✓ (1 x 1) (1)  
 2.3.4 Tropiese sone/Ekwatoriale laag ✓ (1 x 1) (1)
- 2.3.5
- Hoe kleiner die hoek, hoe meer atmosfeer moet die strale deurdring ✓✓
  - Dus gaan meer radiasie verlore deur middel van adsorpsie en refleksie en dus gaan minder punt Y bereik ✓✓
  - Hoe kleiner die hoek van die inkomende strale, hoe groter area moet verhit word, en minder energie word deur Y ontvang ✓✓
- (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4 2.4.1 > 10 jaar, wat minste is ✓ (1 x 1) (1)
- 2.4.2 DRK ✓ (1 x 1) (1)
- 2.4.3
- Swak boerderymetodes (aanvaar voorbeelde) ✓✓
  - Ontbossing ✓✓
  - Ekstensiewe stedelike landskappe ✓✓
  - Toenemende gebruik van kweekhuysgasse ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 2.4.4 As gevolg van abnormale toestande van hoë temperatuur op die aardoppervlakte, ervaar sekere gebiede droogte toestande ✓✓ (1 x 2) (2)
- 2.4.5
- Verskil in bevolkingsgetalle ✓✓
  - Beter waterbestuurstrategieë ✓✓
- (Aanvaar enige ander relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)

- 2.4.6
- Verminderde wisselbou lei tot hongersnood en wanvoeding ✓✓
  - Mense sterf van hongerte en wanvoeding ✓✓
  - Vleispryse daal eerste soos boere die diere slag om die hoër pryse te vermy om hierdie diere te voer ✓✓
  - Vleispryse styg skerp soos vleis voorrade skaarser word ✓✓
  - Produkte wat deur boere gekoop word, word duurder ✓✓
  - Uitvoere verminder ✓✓
  - Voedsel moet ingevoer word/Voedselonsekerheid ✓✓
  - Industrieë wat met boerderyprodukte geassosieer word, ly ✓✓
  - Werkverliese in boerdery en industrie lei tot verdere armoede ✓✓
  - Verminderde inkomste vanaf toerisme ✓✓
  - Meer mense beweeg van landelike na stedelike gebiede ✓✓
  - Stedelike oorbewoning sit meet druk op water hulpbronne in stedelike gebiede ✓✓
  - Mense sterf van hitte-stres ✓✓
  - Plaas druk op die regering se finansiële hulpbronne omdat daar meer voedsel ingevoer word in plaas van ontwikkelingsprojekte aan te pak ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 4 x 2) (8)
- 2.5 2.5.1 A – Cuesta ✓  
B – Homoklinale rug ✓  
C – Hogsback ✓ (3 x 1) (3)
- 2.5.2 Sedimentêr ✓ (1 x 1) (1)
- 2.5.3
- Hellende gesteentes met verskillende weerstand teen erosie ✓✓
  - Sagter gesteentes erodeer vinniger as harder gesteentes ✓✓ (2 x 2) (4)
- 2.5.4
- Die duikhellings is 10–25° tot die horisontaal ✓✓
  - Plooiing kan cuesta-komme en cuesta-koepels veroorsaak ✓✓ (2 x 2) (4)
- 2.5.5
- Boerdery kan op die duikhelling plaasvind ✓✓
  - Paaie en spoorlyn kan parallel tot hierdie landskappe aangelê word ✓✓
  - Poorte tussen hierdie homoklinale rûe is geskikte areas om damme te bou ✓✓
  - In Cuesta-komme kom artesiëse bronne voor ✓✓
  - Olie en natuurlike gas kan by cuesta-koepels voorkom ✓✓
  - Vrugbare valleie en vlaktes tussen cuestas is geskik vir menslike nedersettings ✓✓
  - Hierdie rûe word vir bosbou, toerisme, ontspanning en bewaring gebruik ✓✓
  - Hierdie rûe kan vir verdedigingsdoeleindes gebruik word ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (4 x 2) (8)

- 2.6 2.6.1 *Intrusiewe stollingsgesteentes* vorm wanneer gesmelte magma diep onder die aardoppervlakte stol ✓ terwyl ekstrusiewe stollingsgesteentes vorm wanneer magma by die aaroppervlakte uitbars/-vloei en vinnig stol soos dit in kontak met die lug kom ✓ (2 x 1) (2)
- 2.6.2 A – Batoliet ✓  
B – Lakkoliet ✓  
C – Pyp ✓ (3 x 1) (3)
- 2.6.3 A – Koepels/Stapelrotse ✓ (1 x 1)  
C – Struktuurterasse/Mesas/Buttes/Plato/Canyon ✓ (Enige 1 x 1) (2)
- 2.6.4 • Wanneer magma diep onder die aardoppervlakte tussen die gesteentelae ingedruk word, veroorsaak die hitte en druk van hierdie massiewe liggaam van magma dat die onderliggende gesteentes insak. ✓✓  
• Hierdie laat die magma toe om in 'n pieringvormige vorm te stol. ✓✓ (2 x 2) (4)
- 2.6.5 Bosveldlopoliet/Bosveldstollingskompleks ✓ (1 x 1) (1)

**[75]**

## AFDELING B: ONTWIKKELINGSGEOGRAFIE, HULPBRONNE EN VOLHOUBAARHEID

### VRAAG 3

- 3.1 3.1.1 NIL ✓  
 3.1.2 SOL ✓  
 3.1.3 SOL ✓  
 3.1.4 MOL ✓  
 3.1.5 MOL ✓  
 3.1.6 SOL ✓  
 3.1.7 MOL ✓  
 3.1.8 NIL ✓ (8 x 1) (8)
- 3.2 3.2.1 Onbetroubaar ✓  
 3.2.2 Kioto protokol ✓  
 3.2.3 Preservering ✓  
 3.2.4 Humus ✓  
 3.2.5 Bebossing ✓  
 3.2.6 Hernieubaar ✓  
 3.2.7 Eskom ✓ (7 x 1) (7)
- 3.3 3.3.1 Aktiwiteite wat deur 'n sekere gemeenskap sien as toepaslik vir mans en vroue ✓ [KONSEP] (1 x 1) (1)
- 3.3.2  $33\frac{1}{3}\%$  (1 x 1) (1)
- 3.3.3
- Tradisioneel is vrou verantwoordelik om voedsel te kweek en te produseer ✓✓
  - Vroue word gereeld by besluite uitgesluit ✓✓
  - Vroue word by hoër opvoeding uitgesluit ✓✓
  - Vroue het minder toegang tot hulpbronne soos werk ✓✓
  - Vroue word nie toegelaat om grond te besit nie ✓✓
  - Vroue word as ondergeskik teenoor mans gesien ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)
- 3.3.4
- Nuwe wette vir vroue om beter opvoeding te ontvang ✓✓
  - Vroue moet toegang tot grondeienaarskap het ✓✓
  - Vroue moet in bestuursposisies geplaas word ✓✓
  - Vroue moet beter toegang tot gesondheidsfasiliteite het ✓✓
  - Daar moet meer vroue in die regering wees om besluitneming te affekteer ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

- 3.4 3.4.1 Siste wat al die ekonomieë van verskillende lande nader aan mekaar verbind ✓ [KONSEP] (1 x 1) (2)
- 3.4.2
- Het die bevryding van handel aangemoedig ✓✓
  - Beter netwerke om kennis te deel en verhoudinge te versterk ✓✓
  - Het gelei tot die regulering van globale ekonomiese aktiwiteite ✓✓
  - Vrye beweging van mense, goedere en idees tussen lande ✓✓
  - Stimuleer produksie, handel en ekonomiese groei ✓✓
  - Meer mense word in 'n globale arbeidsmag in diens geneem ✓✓
- (Enige relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)
- 3.4.3
- Goedkoop klerasie wat vanaf China ingevoer word en meer lewensvatbaar ✓✓
  - Hierdie het plaaslike besighede minder winsgewend gemaak ✓✓
- (Enige relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)
- 3.4.4
- Bied lae salarisse ✓✓
  - Hoogs produktiewe werksmag ✓✓
  - Verkry goedkoper grondstowwe ✓✓
  - Hulle bemark goeie kwaliteit produkte ✓✓
- (Enige relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)
- 3.5 3.5.1 'n Nie-konvensionele energiebron wat hernieubaar is ✓ (1 x 1) (1)
- 3.5.2
- Die boeredorpie is in 'n afgeleë gebied ✓✓
  - Dit is nie tot Eskom se elektrisiteitsrooster verbind nie ✓✓
  - Finansiële beperkinge ✓✓
- (Enige 1 x 2) (2)
- 3.5.3 Sonpanele ✓ (1 x 1) (1)
- 3.5.4
- Toegang tot skoon, veilige energie tuis ✓✓
  - Die gebruik van beter kookfasiliteite ✓✓
  - Sit voedsel in die yskas om die risiko van siektes te verminder ✓✓
  - Werkskepping in die energiesektor ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 2 x 2) (4)
- 3.5.5
- Verminder die afhanklikheid op fossielbrandstof ✓✓
  - Dit is hernieubare hulpbron ✓✓
  - Dit is 'n volhoubare hulpbron ✓✓
  - Dit beskerm die omgewing ✓✓
  - Help om energiehulpbronne uit te brei ✓✓
  - Dit is oplossing tot aardverwarming en klimaatsverandering ✓✓
  - Help om die Millenniumontwikkelingsdoelwitte te bereik ✓✓
  - Dit voldoen aan die vereistes van die Kioto-protokol ✓✓
  - Dit voldoen aan die doelwitte en doelstellings van Agenda 21 ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 4 x 2) (8)

- 3.6 3.6.1 1 – O-horison ✓  
 2 – A-horison ✓  
 3 – B-horison ✓  
 4 – C-horison ✓  
 5 – R-horison ✓ (5 x 1) (5)
- 3.6.2 Daar is geen wortels en oppervlakplantegroei om die wind en water te  
 keer om grond weg te voer nie ✓✓ (1 x 2) (2)
- 3.6.3 • Dit verskaf water vir chemiese verwerking ✓✓  
 • Hierdie beïnvloed biologiese prosesse ✓✓  
 • Dit los minerale en voedingstowwe op en sypel dan deur die grond  
 (bekend as uitloging) ✓✓ (3 x 2) (6)
- 3.6.4 • Laat voedingstowwe terugkeer en herstel sodoende  
 vrugbaarheid ✓✓  
 • Diere wat plante op braak grond vreet sal mis tot die grond  
 toevoeg ✓✓ (2 x 2) (4)
- [75]**

#### VRAAG 4

- 4.1 4.1.1 Hernieubaar ✓  
 4.1.2 Hernieubaar ✓  
 4.1.3 Nie-hernieubaar ✓  
 4.1.4 Nie-hernieubaar ✓  
 4.1.5 Hernieubaar ✓  
 4.1.6 Hernieubaar ✓  
 4.1.7 Nie-hernieubaar ✓  
 4.1.8 Hernieubaar ✓ (8 x 1) (8)
- 4.2 4.2.1 Handelsooreenkoms ✓  
 4.2.2 Handelsbalans ✓  
 4.2.3 Betalingsbalans ✓  
 4.2.4 Handelsblok ✓  
 4.2.5 Tarief ✓  
 4.2.6 Proteksionisme ✓  
 4.2.7 Vryhandel ✓ (7 x 1) (7)
- 4.3 4.3.1 Armoede ✓  
 Vigs ✓  
 Honger ✓  
 Skuld ✓ (Enige 2 x 1) (2)
- 4.3.2 Die strokiesprenttekenaar beeld die uitdagings as struikelblokke/  
 moeilikhede uit, wat Afrika verhoed om ontwikkeling te bekom (1 x 2) (2)
- 4.3.3 Hulp wat deur ryker lande verskaf word om groei en ontwikkeling te  
 stimuleer in ontwikkelende lande ✓✓ (1 x 1) (1)

- 4.3.4
- Moedig korrupsie aan ✓✓
  - Hulp bereik nie die arme of agtergeblewe mense nie ✓✓
  - Finansiële hulp het hoë rentekoerse wat Afrika-lande vir baie jare moet terugbetaal ✓✓
  - Menslike en fisiese hulpbronne word uitgebuit ✓✓
  - Dit moedig nie selfonderhoudendheid aan nie ✓✓
  - Plaaslike markte is verwronge ✓✓
- (Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 3 x 2) (6)
- 4.3.5
- Gespesialiseerde mediese personeel kan ingestuur word ✓✓
  - Ontwikkelde lande kan tot die noodtoestand reageer en kan krisishulp verskaf ✓✓
  - Primêre gesondheidsorg byvoorbeeld inenting programme en opleiding van verpleegsters kan verskaf word ✓✓
  - Help met die opvoeding van die virus ✓✓
  - Verskaf tegniese ondersteuning aan die regerings ✓✓
  - Kan help om menseregte te beskerm ✓✓
  - Kan water, kos, mediese voorrade, klere, skuiling, ens. verskaf. ✓✓
  - Voorbeelde van internasionale organisasies soos Die Rooikruis, Dokters sonder grense, *Gift of the Givers*, Wêreldvoedselprogram en andere kan help ✓✓
  - Hulp moet mense-gefokus wees en nie land-gefokus ✓✓
  - Lande kan soldate/weermag stuur om stasies te ontsmet ✓✓
- (Enige 4 x 2) (8)
- 4.4 4.4.1 Hulle is in die proses om nog steeds hulle ekonomieë te ontwikkel ✓  
[KONSEP] (1 x 1) (1)
- 4.4.2 Gemiddelde bedrag geld beskikbaar vir elke persoon in daardie land ✓  
**OF**  
Die totale waarde van goedere en dienste geproduseer deur die totale bevolking ✓ (Enige 1 x 1) (1)
- 4.4.3
- Massa industriële groei het tot groei in hul lande gelei ✓✓
  - Uitvoergerigte produkte het tot groter buitelandse inkomste gelei ✓✓
- (Enige 1 x 2) (2)
- 4.4.4 Dit het die hoogste MOI-rangorde wat geletterdheid as 'n aanduiding van ontwikkeling insluit ✓✓ (1 x 2) (2)
- 4.4.5 Kern-periferie model ✓✓ (1 x 1) (1)
- 4.4.6
- Op 'n globale skaal is die VSA, Europa en Japan die kerngebiede. Die BRICS-lande vorm die gedeelte tussen die kern en die periferie ✓✓
  - Op 'n nasionale skaal is die hoofstede van die BRICS-lande die kerne en vorm die dorpe en stede die periferie waarvan hulle hul hulpbronne trek ✓✓
- (2 x 2) (4)

- 4.5 4.5.1 Die gebruik van uraan om energie te verskaf ✓ (1 x 1) (1)
- 4.5.2 Dit word opgewek uit uraan wat 'n nie-hernieubare minerale hulpbron is ✓ (1 x 1) (1)
- 4.5.3
- Daar is 'n toename in die bevolking ✓✓
  - Steenkool is 'n nie-hernieubare hulpbron en kan nie aan al ons behoeftes voldoen nie ✓✓
  - Daar was 'n toename in ekonomiese groei ✓✓ (Enige 2 x 2) (4)
- 4.5.4
- Bestraling is baie gevaarlik vir mense en die omgewing ✓✓
  - Kern-ineenstorting kan plaasvind, en sal 'n massiewe aantal bestraling vrystel ✓✓
  - Kern-afval is baie moeilik om van ontslae te raak en is vir duisende jare aktief ✓✓
  - Daar is die gevaar van aardbewings wat kernkragsentrales kan beskadig en gevaarlike bestraling kan vrystel ✓✓
  - Reaktors is baie duur om te bou en te bedryf ✓✓
  - Daar is die gevaar dat uraan gesteel kan word om kernwapens te maak ✓✓
  - Daar is die gevaar van terreuraanvalle op kernkragstasies ✓✓  
(Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 4 x 2) (8)
- 4.6 4.6.1 Hulpbronne is stowwe, kwaliteite of organismes wat waarde tot 'n gemeenskap toevoeg ✓ (1 x 1) (1)
- 4.6.2 Grond ✓  
Land ✓  
Bome ✓  
Lug ✓  
Water ✓ (Enige 3 x 1) (3)
- 4.6.3
- Oorbevolking ✓
  - Armoede ✓
  - Swak metodes van hulpbrongebruik ✓
  - Onnodige gebruik van hulpbronne ✓
  - Ontwikkeling ✓
  - Besoedeling van hulpbronne ✓
  - Leemtes in ons begrip van die natuurlike prosesse betrokke ✓  
(Enige 2 x 2) (4)
- 4.6.4
- Mense moet geskool word om hoe om vir die omgewing om te gee asook om die hulpbronne te beskerm ✓✓
  - Gebruik minder hulpbronne ✓✓
  - Verminder afvalproduksie ✓✓
  - Ontwikkel alternatiewe, minder skadelike metodes van energie ✓✓
  - Ontwikkel meer omgewingsgerigte metodes van boerdery ✓✓  
(Aanvaar enige relevante antwoord) (Enige 3 x 2) (6)

**[75]****TOTAAL: 225**